

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 172
(Januarie 1983)

VERGEWING

* * * * *

"Vergeef ons ons skulde
net soos ons ook ons
skuldenaars vergewe"

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Belydenis van Sondes

HET EK DAN SONDE?

Om jou sonde te kan bely, moet jy eers uitmaak: het ek dan sonde? hoe groot is my sonde?

Jy kan dit alleen uitmaak in die lig van God se Woord.

I Joh. 1:8: "As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie."

Ps. 51:7: "Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore en in sonde het my moeder my ontvang."

Hoe groot is jou sonde?

Weet jy dat dit so groot is dat God dit met die dood straf (Rom. 6:23) en dat ons die sonde self elke dag nog meer maak?

Twyfel jy dalk nog of jy sonde doen?

Hoekom sien ek jou dan nie by die kerk nie?

Hoekom swyg jy as iemand anders die Here se Naam laster?

Jy oortree dus, nog baie meer as wat jy dink, want sien: "Wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan al die gebooie skuldig geword" (Jak. 2:10).

BELY JOU SONDE

Wat staan jou nou te doen?

Is daar hoegenaamd iets aan te doen?

Ja, daar is!

I Joh. 1:9: "As ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig."

Jy vra op watter grond of om watter rede Hy bereid is om ons te vergewe?

Gods Woord antwoord:

"As iemand gesondig het — ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld" (I Joh. 2:1 en 2).

Verstaan dit baie goed: Dis nie jou gebed of jou skuldbelydenis wat die vergifnis bewerk nie. God vergewe nie tensy jy pleit op grond van Christus se verdienste nie.

"Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, terwille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom" (Jes. 53:5).

LIPPETAAL

Nou mag jy dalk dink: "Dis mos nie so erg om sonde te doen, as jy weet dat jy vergewe sal word wanneer jy dit bely nie."

As jy dit só sien, het jy nog nie verstaan waaroor dit gaan nie.

Dan was jou belydenis lippetaal, omdat jy nog nie werklik besef hoe groot die ellende is waaruit Christus jou verlos nie. As jy werklik verstaan, sal jy jou nooit weer moedswillig daarin begewe nie. Want hy vir wie baie vergewe is, het ook baie lief. En verder: "Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook so te lewe soos Jesus gelewe het" (I Joh. 2:6).

Ds. J.B. du Plessis

God vergewe alleen ter wille van die Bloed van Christus

Elke mens is 'n sondaar. Elke mens oortree daagliks. Elke mens is voor God tot die dood toe skuldig. Daarom leer Jesus ons in die volmaakte gebed dié bede: "Vergewe ons ons skulde..."

Hiermee bely ons dat dit wat ons deur ons sonde onherroepelik en onherstelbaar verwoes het, alleen deur God ongedaan gemaak kan word.

- Hiermee bid ons dat Hy die onherstelbare sal herstel.
- Hiermee vra ons dat Hy ons skuld sal uitwis, sal uitdelg, tot niet sal maak.

Dit is so geopenbaar dat God die genadewonder van vergewing aan ons wil skenk — dat Hy wil regmaak wat ons verbrou het.

En dit beteken nie maar dat Hy sy oë sluit vir die kwaad en die skuld en die sonde nie.

Dit beteken nie dat Hy dit bloot oorsien en daarvan vergeet nie.

Dit beteken nie dat Hy sy liefde laat geld ten koste van reg en geregtigheid nie.

Want vergewing by God beteken dat sy geskonde eer eers herstel moet word,

- dat aan sy geregtigheid voldoen moet word,
- dat sy eis van volmaaktheid nagekom moet word.

En geen mens is hiertoe in staat nie.

Om die wonders van God se vergewing te verstaan, moet ons na Golgota kyk.

Daar laat Hy sy eniggebore Seun die dood ingaan om aan sy reg oor ons skuld te voldoen.

Daar word Jesus Christus tot sonde gemaak vir ons.

Daar word die Lam van God geslag om die sonde van die wêreld weg te neem.

Die straf en die vloek oor ons sondeskuld het op Christus neergekom; Hy was die soenoffer, en Hy is met ons skuldelaas die dood én die graf in.

Om ons sondaars alles te vergewe, het God vir ons alles gegee. Sy eniggebore Seun, Jesus Christus, het Hy oorgegee tot in die vloekdood van die kruis.

En om vir ons vergewing te verdien, het die Seun ook alles gegee: Sy bloed het Hy gestort, sy lewe het Hy gegee as 'n losprys vir baie.

So het Christus die straf wat ons verdien het, op Hom geneem. So het Hy aan die eis van God se geregtigheid voldoen. En so vergewe God ons al ons sonde en skeld Hy dit ons kwyt. Alleen ter wille van die bloed van Christus! Om geen ander rede nie.

Dit is nie ons skuldbelydenis wat God daartoe bring nie, nie ons hartstogtelike boetedoeninge of ons lang gebede nie. Ons ontvang vergewing alleen op grond van die offer van Jesus Christus!

Omdat God ons skuld aan sy eie liewe Seun toegereken het, word dit ons kwytgeskeld.

Daarom straf God ons nie daarvoor nie.

Hy dink nooit meer daaraan nie.

Hy delg dit geheel en al uit.

Hy vergewe en vergeet.

Ons skuld is vir ewig betaal.

Die vergewing van God is 'n daad van ongeskende genade en liefde teenoor sondaarmense.

Die bede wat Christus ons geleer het: "Vergewe ons ons skulde..." moet ons gereeld bid.

Só kry ons deel aan die wonder van vergewing:

Dat God alle skuldverslae sondaars met sy genade in Christus Jesus tegemoet wil kom!

Ds. Pieter van der Walt

Soos ons ook ons skuldenaars vergewe

Dit is altyd maklik om vergifnis te ontvang as jy jouself teenoor God of die mens besondig het. Dit is egter 'n ander saak as van ons verwag word om ons naaste te vergewe. Vir ons as mense bly dit so dikwels 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand. Soos Lameg een keer verklaar het dat Kain sewe keer gewreek sal word, maar Lameg sewentig maal sewentig keer.

In die vyfde bedede van die Onse Vader leer Christus ons egter die teendeel: Vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit toon die skreiende verskil tussen God en mens. By die mens gaan dit om 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand. God het egter die wêreld so liefgehad dat Hy sy Seun gestuur het, sodat almal wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal ontvang.

Wraak wek daarom altyd wraak op, maar barmhartigheid lei weer tot barmhartigheid. Die mens wat van God vergewing van sondes en genade afsmeek, kan dit nie van God verwag as hy nie self bereid is om sy naaste van harte sy oortredinge te vergewe nie. So het Petrus by geleentheid vir Christus gevra oor die getal kere wat jy bereid moet wees om jou naaste te vergewe. Petrus het by homself gereken dat as jou naaste sewe keer teen jou gesondig het en jy hom dit sewe keer vergewe het, dit seker genoeg is. Christus se antwoord was egter: Nie maar net sewe keer nie, maar sewentig maal sewe keer. Vir Petrus was daar 'n grens in die barmhartigheid wat jy teenoor ander betoon, maar Christus stel dit dat daar nooit 'n grens aan jou vergewensgesindheid mag kom nie.

Want in God se barmhartigheid kom daar nooit 'n einde nie. So dikwels as jy op jou knieë gaan en jou sonde en skuld voor die Here met 'n opregte hart bely, so dikwels ontvang jy genade. As daar dan by God geen grens in sy genade is nie, hoe kan daar dan by die mens 'n grens wees?

Dit maak God se barmhartigheid nie afhanklik van ons vergewing 'nie. God se liefde en genade word nooit bepaal en beperk deur dié van die mens nie. Die vyfde bedede van die Onse Vader toon eerder 'n onmoontlikheid aan. Want as jy waarlik van God genade en barmhartigheid ontvang het, dan volg noodwendig dat ook in die hart van die gelowige die gesindheid van genade en vergewing aanwesig sal wees. Want barmhartigheid verwek barmhartigheid. Hy wat waarlik genade voor God gevind het, kan nie anders as om ook genade aan ander te bewys nie.

Marius Aucamp

Psalm 128

'n Bedevaartslied. Welgeluksalig is elkeen wat die HERE vrees, wat in sy weë wandel!

Die opbrings van jou hande sal jy sekerlik eet; gelukkig is jy, en dit gaan met jou goed!

Jou vrou is soos 'n vrugbare wingerdstok binne-in jou huis; jou kinders soos olyfboompies rondom jou tafel.

Kyk, so sal sekerlik geseën word die man wat die HERE vrees.

Mag die HERE jou seën uit Sion, dat jy die voorspoed van Jerusalem mag aanskou al die dae van jou lewe!

En dat jy jou kindskinders mag aanskou! Vrede oor Israeël!